Sing vooraf: Psalm 119:36 (p. 593)

36 Nimmer, nêrens het my oë / op die wêreld iets aanskou
wat bestendig voort kan duur nie / en sy wese kan behou.
Wat volmaak skyn, het 'n einde, / moet, met al wat is, verslyt;
net u wet, in duur onendig, / is volmaak en eind'loos wyd.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:15 (p. 337)

15 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, bekleed met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte◠aan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 79:5, 9 (p. 403.

Wet

Psalm 79:5, 9 (p. 403)

5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer.
Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly,
deur u gena weer van die skuldstraf vry.

9 Dan sal u volk, u eie kudde weer,
wat U wou lei en deur u staf regeer –
dan sal ons sing tot in die nageslag
van u vermoë◠en onverwinb're krag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 93:1 (p. 470)

1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

Skriflesing: Deuteronomium 8

Teks: Deuteronomium 8:4

Jou klere het aan jou nie verslyt en jou voet het nou veertig jaar lank nie geswel nie. (Deuteronomium 8:4 AFR1953)

Ons Bybel begin om die geskiedenis van twee mense te vertel:

- In die Paradys het daar twee kaal mense gewoon – hulle is sonder klere die wêreld ingestuur.

- Nadat hulle sonde gedoen het, het die toestand egter verander, want toe het die Here vir hulle klere van vel gemaak.
- Die klere wat hulle gekry het, het saamgeval met die Here se belofte dat hulle van hulle sondes verlos sou word wanneer iemand uit hulle saad gebore sou word wat die slang se kop sou vermorsel.
- Dit beteken dat die genade van God hulle uiteindelik sou verlos.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, is Moses besig om die volk op te wek om hierdie selfde Here te dien.

- In die proses om dit te doen, word die Israeliete herinner aan die woestynreis.
- Wat merkwaardig is as die opdragte nagegaan word wat Moses gegee het, is dat hy meestal vir die volk sê wat hulle moet doen wanneer hulle eers in Kanaän is.

Hier sê hy wat hulle nou moet doen. Die opdrag is: Dien die Here. Daarom word hulle herinner aan die genade van die Here. Maar let op waarna die Here verwys:

- Hy sê nie dat hulle sy genade in hulle tyd van voorspoed leer ken het nie. Hy sê dat hulle moet terugkyk op hulle hele lewe in die woestyn.
- Hulle moenie kyk na die dae van blydskap nie. Hulle moet kyk hoe die Here hierdie woestyntyd gebruik het om hulle te verootmoedig.
- Dit was 'n tyd waarin hulle beproef is sodat hulle gesindheid ten opsigte van hulle gehoorsaamheid aan die Here geopenbaar kon word. Beproewingstyd is dus genadetyd.

Die Here wys hulle daarop dat hulle onbekende kos geëet het. Hy het hulle met manna gevoed. Hulle het nie gedink dat dit die beste kos is wat daar is nie, want hulle het gesê dat dit hulle walg. Later, in Psalm 107:18 skryf die Heilige Gees die volgende oor hoe die Israeliete gevoel het oor die kos wat die Here hulle in die woestyn gegee het:

> **. . . hulle siel het 'n afsku gehad van elke soort voedsel, en hulle het tot by die poorte van die dood gekom.** (Psalms 107:18 AFR1953)
>
> *Alle kos het hulle laat walg, en hulle het by die dood omgedraai,* (Psalms 107:18 AFR83)

Wat hulle nie raakgesien het nie, is die feit dat hulle wel kos gehad het.

- Hulle het nie van die honger doodgegaan nie.
- Daarom stuur die Here hulle terug na hulle swaarkrytyd om daar te gaan soek vir sy skynende genade.
- Dit is in sulke oomblikke wanneer die Here se genade die skerpste geteken word:
    - Die Here het hulle laat honger ly (v.3) – maar Hy het kos (kwartels en manna) gegee.
    - Die Here het hulle laat dors ly (v.15) – maar Hy het water voorsien sodat hulle en hulle vee kon drink.

Die Here het hulle deur 'n groot en vreeslike woestyn gelei.

- Dit was nie 'n aangename tyd nie, daarom onthou hulle self dat dit verskriklik was toe hulle daar was (v.15) – tog staan hulle nou deur God se genade aan die einde van hulle reis deur daardie woestyn.
- Giftige slange en skerpioene het hulle doodgemaak – maar ook in daardie tye en plekke het die Here hulle gelei (v. 15).

Wat was die doel van die Here met al hierdie geweldige en baie spanning wat Hy oor die Israeliete gebring het? Die Here self gee drie redes:

- Die eerste rede is dat hierdie dinge die krag en rykdom en genade van die Here moet openbaar sodat hulle Hom daarvolgens kan aanbid en vereer (v. 5, 6, 18).
- Die tweede is "om uiteindelik aan jou goed te doen". (V.16).

- Die derde is die woorde wat die Here Jesus ook later aangehaal het: Daar is geskrywe: **Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.** (Deuteronomium 8:3; Matteus 4:4; ook: Lukas 4:4).

Teen hierdie agtergrond wys die Here hulle op die wonderwerk dat hulle klere nie verslyt het nie.

- Dit was 'n wonderwerk dat hulle klere veertig jaar lank in die woestyn nie verslyt het nie.
- Hulle skoene het nie stukkend van hulle voete afgeval nie.

Hierdie gebeurtenis was so groot en indrukwekkend dat die profeet Nehemia eeue later nog steeds daarna verwys dat die Here veertig jaar lank so goed vir hulle gesorg het dat hulle niks in die woestyn kortgekom het nie:

> **Veertig jaar lank het U vir hulle gesorg, hulle het niks kortgekom in die woestyn nie. Hulle klere het nie verslyt nie, hulle voete het nie geswel nie.**
> (Nehemia 9:21 AFR83)

So is God se genade oor ons vandag nog onslytbaar – ons moet dit net raaksien.

Klere is vir die Here baie belangrik, want klere is een van die sterkste fisiese uitbeeldings van die Here se genade wat ek elke dag aan my liggaam met my saamdra.

- Daarom gebruik die Here dit as bewys van sy alomteenwoordigheid en van sy grootste persoonlike genade – aan hulle lyf kon hulle ervaar dat die Here hulle gely en bewaar het sonder dat hulle klere verslyt het.
- Ons lees die eerste keer van klere waar die Here dit vir Adam en Eva maak net nadat hulle sonde gedoen het! Klere is dus ook 'n simbool waarmee God sy genade aan ons bewys!

  En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek. (Genesis 3:21 AFR1953)
- Regdeur die Bybel was klere 'n baie belangrike middel om dit wat mense beleef het, uit te beeld.
  - Die almag van God word byvoorbeeld uitgebeeld met die beeld van klere:

    Die HERE is Koning; Hy is met hoogheid bekleed. Die HERE is bekleed, Hy het Hom met sterkte gegord. (Psalm 93:1 AFR1953)
- Konings en mense wat mag gehad het, het klere gedra wat hulle mag en gesag uitgebeeld het.

  Toe het Bélsasar bevel gegee, en hulle het Daniël met purper beklee, met 'n goue ketting om sy hals, en aangaande hom openlik uitgeroep dat hy as derde in rang in die koninkryk sou heers. (Daniël 5:29 AFR1953)

  Daniël is toe op bevel van Belsasar 'n koninklike kleed aangetrek en 'n goue halsketting omgehang, en hy is uitgeroep as regeerder, derde in rang in die koninkryk (Daniël 5:29 AFR 83).

Ons lees van feesklere wanneer hulle bly was. Die teenoorgestelde is ook waar.

- Die mense wat berou het oor hulle sondes het ook baie keer hulle berou uitgedruk met die klere wat hulle aangetrek het.
- 'n Goeie voorbeeld is die keer toe Jona in Ninevé gepreek het:

  En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee. (Jona 3:5 AFR1953)

  Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek (Jona 3:5 AFR 83).

Ons Bybel sluit ons aardse geskiedenis af en begin die nuwe geskiedenis van die hiernamaals deur ons na mense te laat kyk wat klere aan het.

- Ons begin nie die nuwe geskiedenis weer sonder klere nie:

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele." (Openbaring 3:5 AFR1953)

Wat het tussen hierdie twee beginpunte gebeur?

- Jesus Christus het gekom en ons met God versoen, sodat ons hierdie nuwe begin met wit klere voor die troon van God kan maak.
- Om hierdie verlossing en die betekenis daarvan in ons lewens uit te beeld, gebruik die Here ook die beeld van klere.

Die Here Jesus het ons van die sonde en al sy geweld vrygemaak, en nou mag ons ons die heerlike weldade van die Here Jesus Christus toe-eien.

- Sy borggeregtigheid is 'n kledingstuk waarsonder ons nie voor God mag verskyn nie.
- Die Here druk die oorwinning van die Here Jesus ook uit in die beeld van klere wat aangetrek is: Jesus Christus is deur God die Heilige Gees aangetrek met klere van mag:

  . . . en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here, . . .
  (Romeine 1:4 AFR1953)

  *op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag **beklee** is, Jesus Christus ons Here* (Romeine 1:4 Afr 83).

Daarom sê die Here die volgende dinge oor die manier waarop ons tot bekering kom en hoe dit in ons lewens uitgedruk word:

. . . want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. (Galasiërs 3:27 AFR1953)

Julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee (Galasiërs 3:27 Afr 83).

- Ons Christenskap moet soos klere aan ons sit en al die ongelowiges moet kan sien daar is 'n verskil tussen ons en hulle.
- Dieselfde staan geskryf in Romeine 13:14:

  Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie. (Romeine 13:14 AFR1953)
- Ons moet die liefde aantrek: Ons moet ons beklee met die nuwe mens: ons moet die lewe leef van die nuwe mens wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van ons Skepper en tot die volle kennis van God.

  En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.
  (Kolossense 3:14 AFR1953)

Luister ook na die volgende vers:

en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, (Kolossense 3:10 AFR1953)

Ons moet die klere van geregtigheid en heiligheid aantrek (Efesiërs 4:24).

. . . en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. (Efesiërs 4:24 AFR1953)

Waar gaan die verlossing in Christus met ons heen?

- Ons staan liggaamlik op uit die dood en ons word deur God vernuut in die ewige lewe.
- Ook dit word deur die Here uitgebeeld met die woord **aantrek** soos klere.

  Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met

onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. (1 Korintiërs 15:53-54 AFR1953)

Hierdie vergankl ike liggaam moet met die onvergankl ike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike. En wanneer hierdie vergankl ike liggaam met die onvergankl ike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal." (1 Korintiërs 15:53, 54 AFR 83).

Die ewige lewe word dus soos klere oor ons liggame aangetrek. Ons dra dan ook klere van oorwinning.

- Vir die mense wat nie tot bekering wil kom nie en God nie wil dien nie, is daar ook 'n beeld oor klere wat uitbeeld wat met hulle gaan gebeur.
    - Die Here skryf in Psalm 102:27 dat die hemel en die aarde sal vergaan, maar God sal bly. Soos 'n kledingstuk verslyt, so sal alles vergaan, soos klere wat uitgedien raak, so sal God alles laat verdwyn.

      (102:27) **Húlle sal vergaan, maar U sal bly; ja, hulle almal sal soos 'n kleed verslyt; U verwissel hulle soos 'n kledingstuk, en hulle verdwyn. (**102:28) **Maar U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.**
      (Psalms 102:26-27 AFR1953)
    - Dieselfde staan in Hebreërs 1:11:

      Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt, (Hebreërs 1:11 AFR1953)

Met ons wat verlos word, is dit egter heeltemal anders: Ons word beklee met heerlikheid.

- In Sagaria 3:4 het ons 'n profetiese vergesig van hoe ons in ons sondes voor God verskyn, en dan vergewe en verheerlik word.

  Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. (Sagaria 3:4 AFR1953)

Die Here het hierdie verlossingsheerlikheid ook aan Jesaja geopenbaar. Hy het dit uitgeroep:

Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel — soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele. (Jesaja 61:10 AFR1953)

Die Here het ons in die Here Jesus Christus met oorwinning oor die sonde en oor die dood beklee.

- Die Here het vir ons 'n gordel van krag gegee in die Here Jesus Christus.
- Ons hele lewe – ook die manier waarop ons aantrek – moet die heerlikheid van God weerspieël.
- Ons moet die heerlikheid van God uitstraal met ons hele menswees.

Die mens is gelukkig wat – al het hy/sy vroeër swaar gesondig – met die Here Jesus Christus bekleed is.

- So 'n persoon kan met die klere van Jesus Christus se geregtigheid gedurig na die Here toe gaan om te bid.
- Hy kan altyd na die Here toe gaan om hom te dank, want hy is aangetrek met klere waarvoor hy hom nie voor God hoef te skaam nie; sy klere is wit en onslytbaar skoon in die bloed van die Here Jesus Christus.

Kom ons raak ontslae van alles wat vuil en lelik is, en vertoon die klere van heerlikheid. So leef ons die Here tegemoet totdat Hy ons uiteindelik aantrek met die onslytbare wit klere van die ewigheid – waarvan die Israeliete se klere wat nie geslyt het nie, 'n simbool was.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 104:1, 21 (p. 510)

1 Waak op, my siel, en loof die HEER!
My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit,
U is bekleed met heerlikheid:

21 Al wie die HEER se lof mishaag,
laat hul soos stof voor wind vervaag!
My siel, wat uitsing tot Gods eer -
sing onvermoeid, en loof die HEER!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 28 Oktober 2007 (oggend)